

*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*Die party-politiek verwyt elke regering vir die mislukkings van die demokrasie.*



# Die O.B.



*Die Ossewabrandwag verwyt die demokrasie vir al die mislukte regerings.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 6 JANUARIE 1943. No. 7.

## Die Rassesamestelling van die Afrikanervolk

**(D.L. 1/43.)**

In die loop van geslagte het hier op Afrikaanse bodem 'n nuwe volk met 'n eie rassestempel en 'n eie roeping ontwikkel. Die Afrikaner se gelaatstrekke, lengte, gewig, oogkleur, haarkleur, geesteseienskappe, ens. is nie dié van sy Hollandse, Franse of Duitse afstamming nie, maar dra 'n eie, onmiskenbare stempel. En die Afrikaner is trots op sy rassesamestelling. Immers, dit is sy rassetrots wat hom gehelp het om sy bloedsuiwerheid te midde van miljoene nie-blankes te handhaaf.

In die vorige dienslaerstuk het ons gewys op die noodsaaklikheid om die bande van bloed wat Afrikaner en Afrikaner saambind, te versterk. Aangesien die Ossewabrandwag in die eerste plaas geïnteresseerd is in die bloed wat in iemand se are vloei, gaan ons in hierdie stuk ons aandag bestee aan die rassesamestelling van ons volk. Die bespreking geskied veral aan die hand van die volgende twee verhandelinge: ,,Rasse en Rassevermenging'' deur dr. G. Eloff, en ,,Die Afrikaner'' deur dr. P. J. Meyer, albei uitgawes in die Tweede Trek-reeks van die Nasionale Pers, Bpk., Bloemfontein.

Die Afrikaner handhaaf die Christelike standpunt dat daar aangebore verskille tussen ras en ras is en hy kan Bybelse gronde aanvoer dat rassesuiwerheid stryk met die Christelike leer. As ras verskil ons wesentlik van die Bantoe of die Sjinees. Die liberalis en kommunis misken egter die oorerflike verskille tussen rasse en verkondig die vryheid, gelykheid en broederskap van alle rasse. Die Ossewabrandwag is bewus van die gevaar wat hierdie verderflike gelykheidsleerstelling vir die rassuiwerheid van die Afrikanervolk inhou en beveg dus hierdie liberalistiese en kommunistiese invloede met al die mag tot sy beskikking.

Uitgaande van die Christelike standpunt definieër dr. Eloff 'n ras as volg: ,,'n Ras is 'n groep mense wat as gevolg van kruising, uitskakeling van minder geskiktes, isolasie en inteelt vir 'n bepaalde stel erffaktore steeds suiwerder word met toenemende mate van aanpassing aan die streek waarin genoemde faktore werksaam is.''

### DRIE GROEPE

Soos ons weet, word die mensdom in drie hoofgroepe ingedeel, t.w. 'n geel hoofras (Mongolide), 'n swart hoofras (Negride) en 'n wit hoofras (Europide). Ons bepaal ons slegs by laasgenoemde groep.

Die wit rasse word weer onderverdeel in vier rasse, t.w. die Nordiese, Alpiniese, Dinariese en Mediterraniese rasse. Die **Nordiese** ras word in sy suiwerste vorm in Skandinavië, Denemarke, Noord-Duitsland en in die ooste van Engeland aangetref. Hul haar- en oogkleur is lig, die vel rooierig blank en die liggaam lank en slank.

Die **Alpiniese** ras bewoon Frankryk, Suid-Duitsland, Switserland en Oostenryk. Hierdie ras se gelaatskleur is minder blank as dié van die Nordiese, hul gestalte meer middelmatig en breed en hul hare swart of kastanje-bruin. In sonskyn brand hul vel egalig bruin.

Die **Mediterraniese** ras bewoon die kuslande van die Middellandse See, soos Spanje, Portugal, die Middellandse eilande, Suid-Italië tot by Rome, die suidrand van die Balkan-skiereiland en ook die hele noordrand van Afrika, en aan die weskus van Afrika maar in 'n sterk verbasteringstoestand. In liggaamslengte is hierdie ras die kortste Europese ras. Hul hare en oë is donkerbruin of swart en hul vel het 'n bruinagtige tint.

Die **Dinariese ras** bewoon hoofsaaklik die Balkanlande en strek na die suidooste tot in Klein Asië, waar hulle nie sommer so van die Voor-Asiatiese ras onderskei kan word nie. Die Voor-Asiatiese ras kom baie na aan die Dinariese ras en woon in Voor-Asië, Mesopotamië en Armenië. In hierdie Voor-Asiatiese ras is ook Nordiese bloed opgeneem, veral toe die Indo-Germaanse stamme die landstreke vanuit die Noordweste oorstroom het. Ook is Semitiese bloed bygebring toe Semitiese volkere uit die Suide opgeruk het en as ras die eienskappe meegebring het wat as Oriëntaals bekend staan. Uit die vermenging van die twee rasse, Voor-Asiaties en Oriëntaals het o.a. die **Jode** ontstaan.

### AFRIKANERVOLK

Die Afrikanervolk het ontstaan uit die saamvloeiing van Nederlandse, Franse, Duitse en in 'n mindere mate ook ander Wes-Europese bloed. Dit beteken dat die rassesamestelling van die Afrikanervolk veral Nordies, Alpinies en Mediterranies is. Dr. P. J. Meyer het bereken dat ongeveer 70% van die Afrikaanse bloed Nordies, 20% Alpinies en 10% Mediterranies is. Dit is juis die vermenging van die Alpiniese en Mediterraniese met die Nordiese bloed wat die aanpasbaarheid van die Afrikaner aan die Suid-Afrikaanse natuursomstandighede verhoog het.

Dit is bekend dat die blonde Nordiese ras hom beswaarlik kan handhaaf in die trope of subtrope. Vanweë sy gedeeltelike Alpiniese afkoms het die Afrikaner 'n bruiner vel as die suiwerder Nordiese ras en dit stel hom in staat om die sonstrale in sub-tropiese Suid-Afrika beter te verduur as die ander blonder rasse. Die Boer is gewapen met 'n natuurlike sambreel waardeur hy homself steeds meer en meer kan handhaaf. Die Engelse, by voorbeeld, besit geen Alpiniese bloed nie en daarom kan hulle hul met hul rooierig-blonder vel nie hier in sonnige Suid-Afrika handhaaf tensy hulle steeds versterk word nie.

'n Ander voorsprong wat die Afrikaner teenoor die suiwer Nordiese rasse in hierdie land het, is dat sy vrugbaarheid betreklik goed is. **Waar die verhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekendes ongeveer 10 : 7 is, is die kindertalverhouding 10 : 5 ten gunste van die Boervolk.**

Opnames het ook bewys dat die Afrikaner in liggaamslengte langer is as sy voorouerlike rasse. Daarby het hy ook 'n sterker liggaamsbou, soos blyk uit sy prestasies op die gebied van rugby-voetbal en op alle gebiede waar liggaamskrag te pas kom. Die Afrikaner is ook baie goed gebou. **Met die Olimpiese Spele te Los Angeles het die meedingende Afrikaners glo die tweede mooiste liggaamsbou vertoon.** Die Finne (kruisingsproduk tussen Nordiese en Mongoolse elemente) was vooraan.

Ook in die geestelike raskenmerke van die Afrikaner kom die Nordiese, Alpiniese en Mediterraniese aangeleghede tot uiting. By die Nordiese ras vind ons die drang tot prestasie, die aangryping van die wêreld as weerstand. Hulle is eiesinnig, bedagsaam, betroubaar, stip en verstandelik saaklik, wilskragtig, heldhaftig en het 'n diep innerlike lewe. Hulle is by uitstek 'n volhardingstipe.

Die geestelike kenmerke van die Alpiniese ras is sy vlyt, energie, en arbeidsaamheid, sy teruggetrokkenheid, vergenoegdheid in eie besit en sy konserwatisme, maar nie so dat dit hom belet om die uit die vreemde oorgenome verder te ontwikkel nie. Die Mediterraniese tipe word veral gekenmerk deur die vertoning van die self vir die medemens. Hulle is oor die algemeen vrolik oppervlakkig, nuuskierig, wispelturig, sorgeloos, meegesleep deur die dinge van die oomblik en hartstogtelik. Hulle is gebore redenaars en toneelspelers.

### DIE ENIGSTE

**Aangesien die Nordiese rasaanleg egter die oorwegende by die Afrikaner is, word ons veral**

(Vervolg op bls. 2, kolom 2)



## VOLK GLO AAN O.B. SE ORGANIESE GEDAGTE

In 'n toespraak by geleentheid van die Dingaansdagviering van die Ossewabrandwag te Beaufort-Wes, waar die skakelkomitee besluit het om net 'n erediens in die kerk te hou wat ook deur die Ossewabrandwag bygewoon is afgesien van hul eie viering in die veld, het hoofgenl. F. D. du Toit van Zyl 'n oorsig van die ontwikkeling tot organiese volkseenheid in teenstelling met die demokratiese rigting gegee.

As bewys van hoe ons hele volk die demokratiese rigting verwerp het, het hy na die toestroming tot die anti-demokratiese Ossewabrandwag verwys voor die skeuring. 'n Sprekende voorbeeld hiervan is dié van 'n takvoorsitter van die H.N.P. wat spr. die ander dag genader en vertel het dat hy nog net so O.B.-gesind is as altyd, ,,maar'', het hy gevra, ,,het die O.B. dan nie eerste die Cradock-ooreenkoms verwerp nie?'' Watter voorbeeld tegelyk van misleiding aan die een kant en geloof in die anti-demokratiese rigting aan die ander kant! het hoofgenl. Van Zyl uitgeroep. **Hy glo dat 90 persent van die H.N.P. die organiese volksbeskouing toegedaan is. Die erkenning van die H.N.P.-leiers dat die volk (m.a.w. hul party) met moedeloosheid geslaan is, is veelseggend. Hulle erken daarmee die hopeloosheid van hul poging om die volk diets te maak dat diegene wat openlik of heimelik aan die O.B. glo, van die volksrigting afgedwaal het. Die eerste stap tot eenheid is om die stryd teen hierdie volksbeweging te staak.** Omdat hy glo aan die algemene volksrigting, glo spr. ook aan die woorde waarmee ons groot volksleier genl. Hertzog die ewigheid in is: ,,Alles sal regkom''.

(Vervolg in volgende kolom)

Spr. het beklemtoon dat dit nodig is dat die republikeinsgesinde partye een of ander ooreenkoms sal moet sluit indien hulle vir die volk enige hoop op 'n algemene verkiesing wil voorhou.

'n Bewys van die geesdrif op die byeenkoms is die feit dat een van die feesgangers, mnr. Mathys Britz van Brakwater, 'n afstand van veertig myl per donkiewa daarheen afgelê het.

16 Takke 44,000 Lede **AVBOB** Reserwefonds £113,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
BEGRAFNISSE. KISTE. KRANSE. GRAFSTENE

## Die Rassesamestelling van die Afrikanervolk

(Vervolg van bls. 1)

**getref deur die Afrikaner se volhardingsvermoë, sy kalme optrede, die afwesigheid van hartstog en sy rassetrots.** Dink maar aan die Afrikanerboer wat jaar na jaar volhard te midde van terugslae deur droogtes, peste, ens., en die wyse waarop die Afrikanervolk die vryheidsvlam brandend hou.

**Dit is duidelik dat die Afrikanervolk vanweë sy rassesamestelling die enigste ras is wat hom op die duur hier in Suid-Afrika kan handhaaf. Dr. Eloff beklemtoon dit as volg: ,,Gewapen met 'n sterk gestel, 'n bruinende vel wat ons teen die sonstrale beskut, voldoende sweetkliere vir afkoeling in die warm klimaat, 'n talryke kroos, en 'n volhardende geaardheid met meeste van die eienskappe van die Nordiese ras, 'n afkeer van verbastering, 'n volk gewortel in hierdie land deur aanpassing en tradisie wat strek oor 10 geslagte — siedaar die voorwaardes vir selfhandhawing, siedaar die gronde van my geloof in die Boer en sy toekoms in hierdie land deur ons vaders as 'n kosbare pand aan ons toevertrou in die opbouing van 'n Christelike blanke beskawing met voogdyskap oor die gekleurdes.''**

In 'n volgende stuk sal ons ingaan op die erflikheidsleer, in sover die Afrikanervolk daarby belang het, en op die vraagstuk van rassevermenging en die handhawing van ons bloedsuiwerheid.

(Vervolg van vorige kolom)

## SONDER BLIK OF BLOOS!

Volgens verslag in Die Burger het mnr. S. P. le Roux, L.V., onlangs op Mosselbaai hom as volg uitgelaat oor Duitsland en die republiek: ,,Daar is die deel van die volk wat dink Duitsland gaan die oorlog wen en dan kry ons die republiek van Duitsland. Maar volgens spr. **sal so 'n republiek nie op Afrikaanse lees geskoei wees nie.** Spr. lê die standpunt uit van die H.N.P. **en wil niks te doen hê met 'n buitelandse moondheid nie....** Dis ook onwaarskynlik dat een of ander oorwinnende nasie die republiek sal gee.''

Op 1 Junie hierdie jaar, het die hoofleier van hierdie party ,,wat altyd nog net een koers gehad het,'' 'n beroep op Duitsland gedoen om ons die republiek te gee, en hy het die Duitse antwoord met ,,waardering'' aanvaar.

Al in die rondte is darem glo ook ,,een koers!''

*ONDERSTEUN ONS BLAD*

**Schoemannello-Drank**

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 2/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo, Rooi | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Jeripigo, Wit | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Pontak | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/6 |
| Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Ekstra Spesiaal | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER** | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Gemmer-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Lemoen Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER LIKEURS:** | | | |
| Lemoen Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Voeg by 5/- vir kassie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-15-0 beloop. Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.


Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

**BESTEL VAN**

**JURGENS SCHOEMAN**

**POSBUS 142. OUDTSHOORN.**

*KAN U DIT AL SPEEL?*



— *Afrikaanssprekende* —

**Suid-Afrika het hiervoor gewag!**

Jare lank is daar nou-al geprotesteer teen die uitheemse kaarte........en jare lank smag Jong Suid-Afrika na 'n eg Afrikaanse kaartespel......EN HIER IS DIT NOU—

**Die Ossewa-speelkaarte**

Elke kaart het 'n eg Afrikaanse naam en is selfs in ons Afrikaanse kleure, ROOI, WIT, BLOU en GROEN gedruk!

PRESIDENT, BOER, JUKSKEI, REMSKOEN, ens. is 'n paar van die name wat in die spel gebesig word. Geen koste was te hoog, geen moeite te groot en geen lapwerk is geduld om die kaart daar so mooi en netjies as moontlik te laat uitsien nie.

DIE REËLS EN REGULASIES VERGESEL DIE KAARTE!

*ONTHOU* ——————— *Dit sal 'n pragtige Geskenk wees.*

**PRYS 3/6 (4/- Posvry).**

*Bestel van* —

**DIE KAPPIE-BOEKHANDEL**

Posbus 845, DE VILLIERSSTRAAT 15, JOHANNESBURG. Foon 33-6797.

## A.N.S. DOEN LANDSDIENS OP STELLENBOSCH

Besield met die nuwe gees van verantwoordelikheid, liefde, offervaardigheid en diens het die Stellenbosse tak van die A.N.S. reeds geruime tyd gelede die nodige middels daargestel vir gereelde landsdiensoefeninge.

Aan die begin van hierdie jaar het die A.N.S.-tak 'n landsdiensburo ingestel met 'n landsdiensleier aan die hoof wat in die eerste plaas moet sorg dat studente handearbeid verrig gedurende hul verblyf op Stellenbosch in die akademiese jaar en in die tweede plaas landsdienskampe gedurende vakansies moet organiseer.

Vroeg een someroggend toe die dorp nog rustig aan die slaap was, het die A.N.S.-tak van 350 lede in die skemeroggend bymekaar gekom op die Coetzenburg-veld en na die sing van die Lied van Jong Suid-Afrika, met pikke en grawe oor die skouer na die voetbalveld gemarsjeer om hul landsdienswerksaamhede van die jaar te begin.

Hierna is die tak tegelykertyd 'n landsdiensfront wat opgedeel is in twaalf landsdiensspanne van agtien werkers.

Met hierdie indeling kry elke span 'n geleentheid om een keer elke veertien dae arbeidsdiens te verrig. Tot dusver het die plaaslike arbeid bestaan uit die verfraaiing van die universiteitsterrein. Daar is b.v. bome uitgehaal, dreineringslote gegrawe en klippe uitgehaal vir die ligging van die Coetzenburgse A-voetbalveld.

In die afgelope universiteitsvakansie is die eerste landsdienskamp gehou op die plaas van een van die boere in die distrik.

In 'n bos op die plaas is gedurende hierdie vakansiekamp 'n pragtige feesterrein uitgelê wat tot die beskikking sal wees van die A.N.S. sowel as die O.B., om toekomstige feeste op te hou. Die terrein is so uitgelê dat een vleuel dien as 'n vergaderplek vir feestelike toesprake terwyl die ander deel gerieflik ingerig is vir die hou van volkspele.

Deur hierdie praktiese uitlewing van die arbeidsideaal het lede van die arbeidsfront nie net diensbewus geword nie maar 'n nuwe gees van kameraadskap opgebou om hierdie selfde groot ideaal, nl. die instandhouding, verryking en verfraaiing van die bodem.

Die A.N.S. gaan in die toekoms voort met die hou van landsdienskampe en wil die gees wat hy reeds ontketen het bestendig en uitbou.

Die tweede landsdiensmonstering is reeds van 20 November af in Wemmershoek gehou. Die werk het bestaan uit erosiewerke, die uitdun van vrugte, oes van bessievrugte en gewone plaaswerk.

Na hierdie landsdienskamp is ook A.N.S.-lede van die ander universiteite en kolleges uitgenooi. Tagtig studente het deelgeneem en 'n skitterende gees het geheers.

Deur hierdie praktiese bydrae hoop die A.N.S. om by die volksjeug 'n nuwe verantwoordelikheidsbesef teenoor die landsbodem te kweek en om prakties ook sy deel te doen om sy eie vaderland te verfraai en te verbeter vir die nageslag teenoor wie ons hierdie verpligting dra.

## AS PARLEMENT VERDWYN SIT HULLE SONDER HEENKOME

### Rede Waarom Beroepspolitici Teen Ossewabrandwag Sal Veg

As daar 'n groot boom op die vlakte staan waarin die voëls hul neste maak en 'n mens sou besluit om daardie boom af te kap omdat dit op 'n plek staan waar jy wil ploeg, sou die voëls, as hulle kon, hulle met alle mag daarteen verset. Hulle sou beduie dat die boom 'n egte produk van die omgewing is en al die jare reeds daar troon en dat dit 'n misdaad is om die omgewing te beroof van 'n boom wat al die jare skaduwee aan mens en dier gebied het. Ja, hulle sou daarop wys dat die koring wat jy vir jou gesin wil saai op die plek waar die boom staan, 'n vreemde produk is wat van ander omgewings ingevoer is om nou die plek van die natuurlike boom te kom inneem.

Dit is nie vir dowe neute dat die voëls so pleit nie en in die eerste plaas nie omdat hulle so bekommerd oor die vreemde koring is nie, want later sal hulle weer heerlik smul aan die koring — indien daar maar net 'n ander boom in die nabyheid was om in te woon.

Nee, die voëls is bekommerd oor hul neste en daarom oor die boom. Verseker hulle dat jy vir hulle net so 'n mooi boom langs die koringland sal oprig, en hulle sal die koringland verwelkom op die plek van die ou boom.

**Dit is hierdie selfde beginsel wat vandag in ons politieke lewe geld. Die meeste parlementslede, is óf geheel en al óf grotendeels vir 'n lewensbestaan afhanklik van die parlement. Hulle is wat ons noem beroepspolitici. As die parlement verdwyn, verdwyn hul beroep en sal hulle na ander bestaansmoontlikhede moet soek.**

As die Ossewabrandwag dus vandag die parlementêre partystelsel wil verwyder om 'n ware Boerevolkstaat in die plek daarvan te stel sodat ons volk geluk en voorspoed kan geniet, sal hierdie beroepspolitici daarteen beswaar maak **omdat hul beroep ook daarmee sal verdwyn** en hulle nie weet wat hulle dan sal doen vir 'n lewensbestaan nie. Dit is menslik en dit is daarom dat hierdie mense slegs bereid is om vir 'n republiek te veg as hulle dit self bring, want dan kan hulle sorg dat die parlement — en dus hul beroep — nie verdwyn nie.


# W. VOIGT BPK., HUGENOOT.

*Fabrikante van . . .*

***Kelder en Besproeiings Masjienerie, Sleepwaens, Boerewaens, Ens., Ens.***

Foon: Paarl 23.

**Posbus 10, Hugenoot.**

# S. J. KRYNAUW

**Algemene Handelaar en Produkte Koper.**

Spesialis in Dames Tabberds en Manspakke

Mans en Dames Skoene

Kruideniersware teen die billikste pryse

Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer

H/v. NUWE- en GARCIASTRAAT,

Foon 68 — Posbus 56

BEAUFORT-WES

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurrerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*HOU KOERS NA*

**Pro Ecclesia-Drukkery,**

Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.

*Die Laan, Stellenbosch.*

# SASBANK

*Verrig Volksdiens!*

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

*Terme uiters billik.*

RAADPLEEG SASBANK

| | |
|---|---|
| PAARL:— | Posbus 266. |
| WORCESTER:— | Posbus 57. |
| KAAPSTAD:— | Posbus 2387. |

# DE KOCKS se GARAGE

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.

*Eienaar: D. D. DE KOCK*

**Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors**

*TOT U DIENS!*

V.M.K. AANBEVEEL.

# £1000 vir u Oë

Sekerlik nie — Gee hulle dan die geringe aandag wat hulle toekom.

# *DUWAS*

*Die Antiseptiese en Helende Oogwas.*

'n Spesialiteit se Voorskrif vir moegheid, branderigheid, spanning, rooiheid, inflammasie, waterigheid en gevoeligheid van die oë vir skerp lig en stof.

Van alle Apteke, of direk van

**Die Voortrekker-Apteek**

KERKLAAN, ADDERLEYSTRAAT KAAPSTAD, (BUS 2760).
MAITLANDSTRAAT 37A, BLOEMFONTEIN, (BUS 765).
ANDRINGASTRAAT (BARCLAYS BANK-GEBOU), STELLENBOSCH.

## KORRESPONDENSIEKURSUS

**AFRIKANERS LUISTER HIER!** — Hier is die gans wat vir u die goue eiers sal lê: Bestudeer ons Korrespondensiekursus in Boekhou deur medium van Afrikaans of Engels slegs vier maande lank en word dan 'n gekwalifiseerde Boekhouer met 'n goeie salaris. Ons kursus is goedkoop en doeltreffend. Ons waarborg uitmuntende resultate. Ons spesialiseer ook in Natuurgenesing, Liggaamsbou, Skoonheidskultuur, Magnetiese Persoonlikheid en Energieboukursusse. Laasgenoemde kursusse word gratis uitgereik aan ons Boekhoustudente. Besonderhede gratis van: **Unie-Boekhou-kollege, Posbus 32, Alexandria.**

DIE O.B., WOENSDAG, 6 JAN. 1943.

# Waar Geld Regeer

Aan die einde van verlede jaar het daar 'n berig in die pers verskyn van 'n kongres op Graaff-Reinet ter ontwikkeling van die Middellandse Gebied waar iemand van Port Elizabeth 'n voorstel ingedien het dat ondersoek ingestel moet word na die vernietiging van sitrusvrugte. **Daar is verklaar dat die olifante by Addo met lemoene gevoer word wat van baie beter gehalte is as die wat vir menslike gebruik beskikbaar gestel word, en verder dat baie vrugte begrawe of vernietig word.** Ook voorheen is in die pers berig van hoe lemoene aan die bome moet verrot of so nie op groot skaal vernietig word.

Dit is nie net lemoene wat hierdie behandeling ondergaan nie. Dit is 'n ou gebruik van die kapitalisme om ware te vernietig met die oog op 'n goeie mark of geldelike winste. So is daar nie lank gelede nie 'n hele vrag brood naby een van die Unie-hawens in die see gegooi omdat die brood glo van elders afkomstig was en goedkoper is as die minimum-prys vir brood wat in die betrokke stad vasgestel is. Die kapitalisme kon geen ander uitweg vind as om die brood te vernietig nie. Dit is ook 'n gebruik by die kapitalisme om by voorbeeld groot skeepsladings belangrike voedselware in 'n hawe te vernietig indien daar met die skip wat dit bring iets verkeerds op see gebeur het, al kon die skip sy hawe met veiligheid bereik. Dit het te doen met die skeepsversekering. Indien die skip se inhoud nie aan die publiek vir gebruik beskikbaar gestel word nie, is die uitbetaling van die versekeringsbedrag glo soveel ruimer.

En terwyl hierdie dinge gebeur, is daar in die demokratiese lande en ook in Suid-Afrika miljoene mense wat 'n knaende honger as voltydse metgesel het. In ons eie land wat genoeg vrugte produseer om ander lande te voorsien, is daar duisende blankes vir wie vrugte 'n weelde is waarin net die rykes mag deel hê omdat alleen rykes dit kan bekostig, ja, is daar volgens amptelike syfers 300,000 Afrikaners wat onder die broodlyn lewe. Maar by Addo word wilde olifante op lemoene gevoer en aan ons hawens word voedsel die see in gelei.

Boere word deur die owerheid betaal om nie hul produkte op die mark te plaas nie, maar in die stede moet verbruikers tot drie, vier keer soveel betaal as wat die boer ontvang vir die bietjie wat hy wel toegelaat word om te bemark. Die winste gaan na die ryk middelman wat nie self arbei nie, en die vrugte gaan na die ryk huishouding. **Die boer wat produseer, ontvang die minimum-prys en die olifante wat nie werk nie, ontvang gratis lemoene, maar die werkman wat net genoeg verdien om liggaam en siel in 'n kapitalistiese staat aanmekaar te hou, moet tevrede wees met sy daaglikse mieliepap of droë brood.**

Ons noem hierdie paar voorbeelde nie om te kla nie, want in die Ossewabrandwag het ons geleer om nie meer te protesteer nie; ons noem dit slegs om die groot verskil aan te toon tussen die demokratiese kapitalisme en die volkstaat wat die Ossewabrandwag besig is om te bring. In die kapitalistiese staat regeer die geld en is die volk dienaar van die geld. 'n Hele volk moet hom skik na die geldbelange van 'n paar. **In die staat wat die Ossewabrandwag daarenteen beoog, is die volk nommer een en is die geld slegs 'n betaalmiddel en nie die doel nie. Vir ons word daar geproduseer nie om geld te maak nie, maar om 'n volk te voed sodat elke volksgenoot die hoogste mate van geluk en welsyn kan ervaar. Die boer moet genoeg produseer om elke volksgenoot, ook die armste, behoorlik te voed met die opbrengs van sy vaderland. En daarvoor ontvang hy so 'n billike vergoeding dat hy self gelukkig en welvarend kan wees.**

In die gesagstaat wat die Ossewabrandwag beoog, sal dit 'n misdaad teenoor die volk wees

(Vervolg voet volgende kolom)

(Vervolg van voorgaande kolom)

om voedsel of vrugte te vernietig solank daar volksgenote is wat behoefte daaraan het, maar in die huidige staat word 'n boer deur die owerheid betaal om sy vrugte te vernietig! Daarom kan die Kommandant-generaal dan ook verklaar dat die Ossewabrandwag meer belang stel in die lewe van elke mynwerker as in die dividend wat die goudmyn lewer.

Dit is 'n nuwe uitkyk op die lewe wat elke man en vrou daardie mate van versekerdheid en veiligheid verskaf wat nodig is om gelukkig te kan wees. Dit is die uitkyk van die Ossewabrandwag en dit kan alleen bewerkstellig word deur 'n algehele omskepping van die ou kapitalistiese stelsel en deur die daarstelling van 'n gesagstaat in die plek van die ou demokratiese laat-maar-vaar-staat waarin die geld regeer.

In die nuwe jaar wat voorlê gaan elke Brandwag hom beywer om hierdie ideaal nader aan verwesenliking te bring.

## PROF. STOKER GEÏNTERNEER

Onderstaande waardering vir die werk van dr. H. G. Stoker van Potchefstroom wat op 22 Desember geïnterneer is, is ons toegestuur deur generaal D. du Toit onder wie die Professor as hoofkommandant gedien het.

Die Afrikaner-gemeenskap van Potchefstroom is diep geskok deur die skielike en onverwagte internering van prof. dr. H. G. Stoker, van die P.U.K., op 22 Desember. Die groot aantal offisiere en Brandwagte sowel as ander mede-Afrikaners wat die aand, op haas geen kennisgewing, van hom afskeid geneem het op die stasie is getuie van die plek wat hy hier ingeneem het.

Deur die tydelike verlies van 'n Afrikaner wat sy volk op soveel verskillende terreine gedien het en wat steeds aan die spits van die stryd gestaan het is die hele Afrikanerdom gevoelig getref en sal sy afwesigheid terdeë gevoel word.

Ondergetekende wil egter hiermee 'n woord van waardering uitspreek vir die dienste wat hoofkomdt. Stoker aan sy volk deur die Ossewabrandwag gelewer het. **Hy het in die afgelope drie jaar byna alle range vanaf korporaal tot hoofkomdt. deurloop.. In elke hoedanigheid was sy trou en lojaliteit onvervals, afgesien daarvan of sy onmiddellik meerdere 'n professor, 'n ambagsman, 'n boer of wie ook al was.** Ondanks sy hoë intellektuele ontwikkeling en sy fyne beskawing, was geen bevel vir hom te gering of te vernederend nie. **Hy was dan ook steeds 'n uitstekende voorbeeld van die nuwe gees wat die Ossewabrandwag adem, nl. die uitwissing van alle grense tussen geleerde en ongeleerde, tussen ryke of arme omdat die volksaak dit eis.**

Ons meegevoel is met sy familie, van wie hy soos 'n man wat sy man kan staan afskeid geneem het; maar ons treur nie oor hom nie omdat ons weet dat komdt. Stoker van die Afrikaners is wat, as hulle gebrei word nie sal verslap nie maar steeds meer vasberade sal word. Wat meer is, ons gun ons mede-Brandwagte in die kamp hierdie talentvolle en optimistiese offisier. 'n Ander vasberade Afrikaner vul reeds tydelik sy plek in die Ossewabrandwag.

## PARTYE IS RATTE VAN EEN MASJIEN

Die H.N. Party, is en sal bly 'n deelhebbende aan die instrument van Britse imperialisme, nl. die Parlement, solank hy deelneem aan daardie instelling.

Sowel die H. N. Party as die Verenigde party is organe, werktuie van 'n Parlement wat 'n Brits-imperialistiese instrument is, ratte van 'n rat in die Britse Ryksmasjien.

Daarom wil die O.B. nooit 'n politieke party wees en s.g. verteenwoordigers in die Parlement hê nie.

## REGTER GLO NIE DAT GELD VIR O.B. GESTEEL IS

**Drie manne is kort gelede in Port Elizabeth tot dwangarbeid gevonnis op aanklag van diefstal van £4,116 uit die Rekenmeesterskantoor van die Spoorweë. Hulle het verklaar dat 'n medepligtige wat nog voortvlugtend is, hulle oorgehaal het om die geld vir die Ossewabrandwag se fonds vir afhanklikes van geïnterneerdes te steel. Die voortvlugtige is 'n sersant in die speurdiens.**

**Die regter het in sy kommentaar verklaar dat hy nie glo dat die voortvlugtige die geld bestee soos hy aan hulle gesê het hy dit sal spandeer nie. „Daar is gesê dat die geld toevertrou sou word vir die dienste van 'n organisasie waartoe julle skynbaar behoort," het die regter verklaar, „ons weet niks van die organisasie nie, maar geen organisasie sal dit goedkeur dat 'n misdaad vir sy doeleindes begaan word nie."**

**Toe die verhoor 'n paar weke gelede begin is, het Die Burger en ander partyblaaie in groot opskrifte aangekondig dat die geld vir die O.B.-fonds gesteel is.**

## BOEREGEES HERLEEF IN STAD

Die gees van diensvaardigheid wat die Ossewabrandwag kweek, word geopenbaar deur die onderlinge hulp wat O.B.-lede aan mekaar verleen, ryk of arm. 'n Treffende voorbeeld het onlangs in die assistentveldkornetskap van Groenpunt voorgekom, waar een van die vrouelede wat self haar huishouding waarneem, siek geword het. Toe die ander lede daarvan hoor, is dadelik reëlings getref om haar behulpsaam te wees. Die een dag het een van hulle haar huis gaan aan die kant maak en noodsaaklike kledingstukke uitgewas, terwyl die strykwerk die volgende dag deur 'n ander lid gedoen is. So help hulle mekaar. Dit is ook opmerklik hoe vrygewig hierdie mense is. Hoewel die meeste vroue se mans spoorwegarbeiders is, het hulle altyd iets oor om aan mekaar uit te deel. Die een dag is dit 'n koek wat as verrassing gebring word, dan 'n bietjie heuning van 'n plaas af of 'n bietjie meelblom wat moeilik bekombaar is, ens. Dis die gees van broederskap, 'n erfenis van ons voorouers wat in die stede onder die kapitalistiese bedeling besig was om uit te sterf.

GESONDHEID IS MEER WERD AS RYKDOM

*Beskerm u Gesondheid en Lewenskrag*

GEBRUIK

LIFEBUOY-GESONDHEID-SEEP

DIT IS MEER AS 'N GOEIE SEEP—
DIT IS 'N GOEIE GEWOONTE

*'n Produk van*

LEVER BROERS.

# Toekomstige Republiek Moet Soos Die Dop van 'n Skilpad Wees

**Deur een van die diensleiers is daarop gewys dat die Ossewabrandwag meer as een benaming vir ons toekomstige republiek het. So word daar gepraat van 'n republikeinse Volkstaat, 'n Christelik-nasionale republikeinse Gesagstaat, 'n Afrikaanse Volkstaat en ook gewoon weg 'n Christelik-nasionale Republiek of Calvinistiese Republiek.**

Die dienslaer verklaar tereg dat die aangehaalde benamings soveel onderskeidelike waarmerke van ons staatsbegrip beklemtoon, maar verlang tog dat die benamings nader omskryf en verduidelik word. Ons sal probeer om dit so eenvoudig moontlik te verduidelik sodat almal dit kan volg.

Enige ding in die wêreld het meer as een kant en meer as een eienskap, en hoe groter en belangriker iets is, hoe meer eienskappe dit vertoon. So word by voorbeeld van 'n mens gepraat as 'n ,,redelike wese,'' ,,'n stoflike wese,'' ,,'n sondige wese'' en wat nie nog alles nie.

As ons aan ons toekomstige staat dink, gebruik ons 'n naam daarvoor wat die oorheersende eienskap van daardie staat omskryf. Vir die Afrikaners wat voel dat dit hul eie staat gaan wees, sal dit wees die Afrikaanse Staat; vir dié deel van ons volk wat meer oor die geestelike eienskappe dink, sal dit 'n Christelik-nasionale of Calvinistiese staat wees en vir diegene wat al moeg is vir die vreemde losbandigheid in ons huidige volkslewe, sal dit 'n gesagstaat wees. **Al hierdie benamings is egter nie net met mekaar in stryd nie, maar beklemtoon net daardie aspek van die staat waarop hulle by een of ander geleentheid die hoofnadruk wil laat val.**

As die Afrikaner vandag praat van 'n republiek, word daar nie soseer 'n bepaalde staatsvorm bedoel nie, maar 'n staat wat volkome vry sal wees. **Politici het in die verlede baie gespeel met die naam republiek deur dikwels doelbewus te praat van 'n ,,republikeinse staatsvorm'' as hulle met die Afrikaner se vryheidstrewe te doen het. Vir die Engelse sou dit dan 'n staat wees wat nog binne die Britse Ryksverband staan, maar net 'n president het in plaas van die Goewerneur-generaal, terwyl die Afrikaners dit opneem as 'n republiek wat onafhanklik van Engeland is.** Die rede daarvoor is dat ons voorouers altyd hul vrye state ,,republieke'' genoem het, en as ons vandag aan vryheid dink, dink ons in terme van 'n republiek ongeag wat die vorm van daardie republiek sal wees.

Op die oomblik is ons meer bekommerd oor die vrywording as oor die staatsvorm, d.w.s. meer bekommerd oor die wegbreking van die Britse Ryksverband. Sommige Afrikaners sal self nie eens omgee as ons staatshoof ,,koning'' noem nie, solank ons net vry van Engeland raak. **As daar dus vandag van 'n republiek gepraat word as ons ideaal, word daar in die eerste plaas gedink aan die vrye onafhanklike Boerestaat.**

## HOE LYK HY

Hoewel ons in die eerste plaas aan die vrywording dink, het ons darem ook 'n begeerte om te weet hoe die staat gaan lyk, d.w.s. wat sy eienskappe sal wees. **Volgens die Ossewabrandwag se standpunt moet dit 'n staat wees wat uit die volk groei soos 'n skilpad se dop uit en saam met die skilpad groei en dus 'n lewende eenheid met die skilpad vorm.** Dis nie 'n kunsmatige skerm wat uit been of yster vervaardig en op die skilpad se rug vasgespyker is nie. **Die skilpad en die dop is een ding.** So wil ons hê moet ons volk en ons staat 'n onskeibare geheel vorm. **Die staat moet uit die volk en deur die volk tot stand kom.** Daarom sê ons dit moet 'n **volkstaat** wees. Die groot kenmerk van die staat sal wees dat dit die karakter en persoonlikheid van die **Boerevolk** dra en in die eerste plaas daar is om die Boerevolk te beskerm.

Ons huidige staat waarvan genl. Smuts die hoof is, is nie soos 'n skilpaddop nie, maar soos 'n dak wat oor die kop van die inwoners van Suid-Afrika aangebring is. **Dit is 'n kunsmatige samehokking van alle soorte mense wat toevallig binne die landsgrense woon, en almal het in beginsel gelyke seggenskap oor die dak.** Soveel hoofde, soveel sinne, sê die spreekwoord en die gevolg is dat nie een van die sogenaamde ,,seksies'' binne ons staat, d.w.s. onder die Suid-Afrikaanse sink-dak 'n rigting kan inslaan nie. Hy moet net sit waar hy sit. **Die dak moet stilstaan, want as die Afrikaner na die land wil stap, wil die Jood na die winkel stap en die Engelsman na Londen. En dan begin die bakleiery. En om vrede te bewaar besluit die parlement — die balke waarop die sinkdak rus — dat die dak stil staan en dat die Boer maar weg kan bly van sy land en die Engelsman tevrede moet wees om weg te bly van Londen. M.a.w. daar word besluit dat ons staat NEUTRAAL sal wees en stil staan waar hy is om skaduwee aan alle seksies te gee.**

## SAMBREEL

As die boer na sy land wil stap, kan hy 'n sambreel vir hom maak om die son of reën te keer. Hierdie sambreel is dan die **kultuurorganisasies** wat die besondere belange van die Boer moet behartig — daardie belange wat van die Engelsman en die Jood s'n verskil. Maar daar is baie dinge wat onder die dak moet bly, b.v. ons onderwys; dit is onder die dak en moet onder die dak bly. **Daarom mag ons kinders nie in die skole leer van ons vryheidstryd nie, want as hulle daarvan leer, maak dit die Engelsman se gevoelens seer wat onder dieselfde dak woon, of die Boerekind kan dalk later oploop sit met die dak en die Engelsman daaruit jaag. Ons onderwys is daarom neutraal. Daar mag ook nie godsdiensonderwys wees nie, want die Joodjie onder dieselfde dak leer 'n ander godsdiens as die Boerekind. Godsdiens moet dus onder 'n sambreel geleer word — in die kerk of die sinagoge. Onder die staatsdak is dit verbode en veroorsaak dit net twis en tweedrag.**

Nou sê die Ossewabrandwag: nee! Ons volk wil nie 'n dak hê nie, maar 'n dop wat hom kan beskerm ook as hy op die land is, d.w.s. besig is met sy eie goedere. **Ons wil 'n volkstaat hê wat al die belange van die Boere- of Afrikanervolk sal behartig. Daarom praat ons van 'n volkstaat.**

In 'n volgende artikel sal ons die ander benamings behandel en verduidelik.


VOLKSKAS IS U EIE BANK!

*Fondse oorskry £2,300,000*

Volkskas (Koöperatief) Bpk.

(Opgerig kragtens die Koöperatiewe Wet)

Hoofkantoor: VOLKSKAS-gebou, Sentraalstraat, PRETORIA

Die Volk se Bank.

MARKAGENTSKAP

Vroeë Môre-Mark

KAAPSTAD

*Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.*

BESTE HEERSENDE PRYSE.

*MINNAAR & VAN SCHOOR*

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG.

*KOOP NOU!*

ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.

Werda Meubelhandelaars (Edms.) Beperk.

Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

Posbus 210. Foon 2-6806.

O.B.-MUSIEKBUNDEL

'n Volk sonder sang....
is 'n volk sonder siel!!

Elke Brandwag behoort die O.B.-MUSIEKBUNDEL te besit, die liedere te leer en te sing.

Die jongste bevel van die Grootraad is dat iedere lid die ,,Ossewabrandwaglied'' moet leer en sing by alle O.B.-geleenthede!!

Hierdie Bundel bevat 22 pragtige komposisies met woorde, passend vir alle byeenkomste, vrolik sowel as plegtig.

Prys 2/6 Posvry

3/6 insluitend 'n pragtige portret van ons Kommandant-Generaal.

BESTEL NOU!!

O.B.-HOOFKWARTIER

Posbus 8576 - - - JOHANNESBURG.

*'N PRAGTIGE KERSFEES-BESENDING*

Dames-Hoede

nou net uitgepak

*KOM MAAK U KEUSE!!*

*by*

Steyns

PAROW

DIE SKIEREILANDSE MODERNE AFRIKAANSE DAMES-MODISTE.

G. A. FICHARDT, BPK.

MASJINERIE, YSTEWARE EN PRODUKTE HANDELAARS

Foon 709 BLOEMFONTEIN Opgerig 1848

## INSPEKSIEREIS IN VRYSTAAT

'n Inspeksiereis is onlangs deur generaalskap no. 3 gedoen deur die Vrystaatse A.K.G., genl. Japie van der Merwe, genl. Swanepoel en hoofkomdte. mev. Yssel en H. C. van der Merwe, V.A.R.-lede. Die volgende plekke is besoek: Reddersburg, Smithfield, Rouxville, Wepener en Dewetsdorp. Die byeenkomste was bedoel om die offisiere van die verskillende kommando's te ontmoet.

Op Fauresmith, generaalskap no. 7, van genl. Lubbe, is Jeugfront (dogters en seuns) -offisiere in gesweer deur die A.K.G. asook dames- en manskommando-offisiere.

Op 'n plaas naby Thaba-Nchu was 'n funksie wat deur die pas aangestelde komdt. De Jager gereël is. 'n Mooi bedraggie van ongeveer £20 is geïn. Ook daar is offisiere ingesweer.

## BESKULDIGINGS EN FEITE

Dr. Malan op 14 November 1941 op die Paarl: „Wat al hier die duisende betref, is die Ossewabrandwag dood. **Hulle sal nie meer geld gee om die Ossewabrandwag in staat te stel om die Party te beveg nie."**

Op 8 Augustus 1942 is o.a. die volgende bedrae deur die Ossewabrandwag ingevorder: Upington £822, Oudtshoorn £640, Kaapstad £560, Stellenbosch £412, Paarl £300, George £322, Winburg £200, Witwatersrand £2,000.

## SING TERWYL U DIEN!

Dit is noodsaaklik dat ons as volk baie meer moet sing. 'n Volk wat sing openbaar daardeur sy lewenslus, opgewektheid en arbeidslus. Laat ons dus sing terwyl ons dien.

Hiervoor bied die dienslaers uitstekende geleentheid. Op die betrokke offisiere word dus 'n beroep gedoen om toe te sien dat daar gereeld met elke dienslaer-sametrekking gesing word, en sommer baie gesing word. Die kommando's wat nog nie in besit is van die O.B.-musiekbundel nie, kan dit bestel van die Transvaalse O.B.-hoofkwartier, Voortrekkergebou 403, Johannesburg. Veral moet gesorg word dat elke lid die Ossewabrandwag-lied, wat in die genoemde bundel verskyn, goed ken. Ook ander Afrikaanse liedere moet gesing word.

Aangesien daar feitlik op elke plek sluimerende musiektalent is, moet kommando's hulle beywer om hul eie orkeste saam te stel, wat dan op alle byeenkomste musiek kan verskaf en ook die sang kan begelei. Op die meeste plekke sal die bevelvoerende offisiere persone kan vind wat die sang en musiek kan lei. Eers kan net 'n groepie belangstellendes geleer word en hulle kan dan weer ander leer.

Ons volk gaan 'n singende volk word en al singende gaan hy dien!


AFRIKANERS

Dis nie genoeg om jul mede-Afrikaners met woorde aan te moedig nie, ondersteun hulle met dade en stuur al jul produkte, vrugte en pluimvee aan die bekende markagente

**G. C. DU PLESSIS EN KIE.,**
MÔREMARK, JOHANNESBURG.

Hoogste pryse, eerlike behandeling en onmiddellike afrekening gewaarborg.

Posbus 2817.
Telegrafiese Adres: „Duplesko."
Bankiers: Volkskas, Johannesburg.


## HOOFGENL. VORSTER GEÏNTERNEER

Op 15 Desember is hoofgenl. B. J. Vorster, wat drie maande lank sonder verhoor in Port Elizabeth opgesluit was, na Koffiefontein geneem vir internering.

Meer as 200 mense het op die stasie saamgekom, waar ook Kirkwood en Humansdorp verteenwoordig was, om afskeid te neem van hom. As laaste vernedering wat die Empire-stad hom kon aanbied, het aan sy koepee (vir plekbespreking) gepryk: „1 Prisoner and 2 Escourts".

Dinsdagmôre, 15 Desember, het die ander gevangenes 'n hongerstaking begin. Hulle het vrylating geëis. 'n Paar dae later is genl. De Wet ook na Koffiefontein gestuur, terwyl die ander twee in kennis gestel is dat hulle verhoor sal word.

## GEESDRIFTIGE VERGADERINGS IN NATAL

'n Reeks goedgeslaagde vergaderings is deur die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg en genl. C. A. Pienaar, waarnemende A.K.G. (in die plek van A.K.G. Olivier Nel wat geïnterneer is) op hul reis deur Natal gehou.

Oral was daar groot geesdrif en het die brandwagte weer uiting gegee aan hul trou, geloof en vasberadenheid vir die toekoms.

Op Saterdag, 21 November, is die reeks vergaderings begin met 'n groot samekoms van geesdriftiges op Cedarville, wat duidelik die vertroue gewys het in die Ossewabrandwag.

Op Maandag, 23 November, is net so 'n geslaagde vergadering gehou te Wartburg.

Woensdag na die begrafnis van genl. Hertzog wat deur die K.G. en A.K.G. bygewoon is, is 'n vergadering en funksie op Geluksburg gehou, en die aand op Weenen en die volgende dag naby Ladismith.

Ondanks baie reën is ook 'n goed bygewoonde funksie in Vryheid-distrik gehou.

Saterdag, die 28ste, is die reis in Natal beeindig te Utrecht op die tentoonstellingsterrein, die enigste dorp in Natal wat 'n O.B.-funksie en -vergadering toegelaat het, nieteenstaande die sterk teenstand van party-ondersteuners. 'n Perde-kommando van 74 perderuiters het die K.G. en die A.K.G. anderhalf myl uit die dorp ingewag en 'n myl verder 'n stoet van 28 motors. 'n Pragtige ontvangs het die K.G. te beurt geval.

Na afloop van die vergadering is die bedrag van £94 aan genl. Dannhauser oorhandig as opbrengs van die dag. In Natal lewe die Ossewabrandwag.

## „OORWINNING" BEHAAL OOR VOLKSPELE

Die volgende kennisgewing is deur die wyksekretaris van die H.N.P. op Tiervlei aan die kommandant van die Ossewabrandwag aldaar, mnr. J. A. Strauss, onder datum van 21 Oktober gerig:

„Hiermee wens ek u in kennis te stel namens die H.N.P.-tak Tiervlei dat vanaf eerskomende Maandag die Nasionale Saal van Tiervlei nie meer tot die beskikking van die O.B.-volkspele sal wees nie. Geliewe alle betrokkenes in kennis te stel."

Aan die kommandant is later persoonlik meegedeel dat die Party tot hierdie stap oorgegaan het omdat die Ossewabrandwag dan nie vir hul kandidaat in die onlangse tussenverkiesing sou gestem het nie.

Die volkspele was oop vir Afrikaners uit alle groepe en is gereeld in die saal gehou.

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedurk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.

## DIE JEUG SE OFFERS

Christina Lombard, tweejarige dogtertjie van mnr. en mev. Christoffel Lombard van Leliefontein, Malmesbury, het 'n halfkroon wat sy op haar verjaardag present gekry het, gegee vir, soos sy dit self uitdruk „oom Hansie se babas wie se pappas in die kampe en tronke is".

Kosie Smit, seun van mnr. en mev. Jannie Smit, Malmesbury, het 4s. vir die Noodhulpfonds geskenk. Dit is die opbrengs van sy sywurms wat hy vir die doel van die hand gesit het.

## GEBOORTE

WALTERS.—Aan Stewie en Idielle, Voorspoed, Malmesbury, 'n fris seun op Maandag, 7 Desember 1942. Ons innige dank aan dokter, verpleegster, ook Adriana en Jan.

(Mnr.) S. S. WALTERS.

## BENODIG

DAME om onderwys te gee begin 1943 skooljaar vir standaards 4 en 1 — Goewerment-sillabus. £3 per maand vir 10 skoolmaande plus Regeringstoelae. Vry inwoning. Moet lid wees van O.B. en N.G. Kerk. **Genl. E. B. Cadle, Twyfelfontein, Estcourt, Natal.**

## TE KOOP

STERK, gewortelde Angelierplantjies: Regina (ligroos); Rex (helderroos); Pioneer (roos); Corona (donkerrooi); Salm Regina 3/6 per dosyn; 15/- per 100; £7 per 1,000. Lorraine — roomkleurig met rooskleurige stippels 21/- per dosyn; Rooi Regina 21/- per dosyn; Dairy Maid — wit met fyn roos-strepies — 7/6 per dosyn; Idaho Beauty — pers — 7/6 per dosyn. K.M.B. alleenlik. Posvry Unie. **Thos. Dunn, Posbus 51, Tzaneen.**

## SAAD-AARTAPPELS ..

MAAK seker dat u goeie saad kry. „King of Earlies" Up-to-Dates en tweede van Ingevoerde Kanadese Up-to-Date, vry van siektes. U sal tevrede wees.

Eiergrootte 25/-; Okkerneut 24/-; Ganseiergrootte en Kleinsaad 20/-. V.O.S. Petrus. Kontant.

J. F. VENTER, Boesmansput, PETRUSBURG.

**AARTAPPELS. — Mooi vars tafelaartappels. No. 1. 17/6; No. 2, 16/- per 153 pond. Gelewer Serpentine-sylyn — K.M.B. P. G. J. Barnard, Serpentine-sylyn, P.K. Wilderness.**


BELÊ U GELD

waar dit van

3½% tot 5%

rente kan verdien.

Raadpleeg dadelik u

EIE VOLKSBANK

SPOORBONDKAS BEPERK

Posbus 8289. Johannesburg.

Takke oor die hele Unie.



Foon 62 Posbus 53

HEILBRON

OM te weet dit is die plek waar u kan koop na u smaak en sover u beurs dit toelaat

BETEKEN oneindig veel vir u, waar u met vriendelikheid bedien word in u eie taal.

DIE MODERNEWINKEL



DIE MODERNE KLEREMAKERS
(Die Afrikaanse Firma)

VIR 'N BUITENGEWOON DEFTIGE EN GERIEFLIKE DAMES KOSTUUM OF MANS PAK KLERE, PROBEER ONS EERSTE. DIT IS NOU TYD OM TE LAAT MAAK, DAAR MATERIAAL DAAGLIKS SKAARSER WORD.

Skryf om monsters en maatvorms.

GROOTE KERKGEBOU 306
3de Verdieping - - - - - KAAPSTAD.